

Wenke en advies in hierdie uitgawe word in goedertrou gegee om in noodgevalle van hulp te wees.

Die skrywer, asook die uitgewers, personeel en agente wat betrokke is aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige besering, ongeluk of skade wat mag voortvloei uit die gebruik van enige wenke in hierdie wenkreeks nie.

©Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, vermikrofilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Inhoud Teks Dr. Wallace Vosloo

Illustrasies Nicolene Louw

Tegniese sketse Dean Foster

Redaktrise Anita du Plessis

Boekontwerp Anita du Plessis

Eerste uitgawe 2009



INHOUD

2 Die Nuttige Kondoom

5 "Jump start" 'n voertuig sonder kabels

6 Alternatiewe gebruike vir jou flits

8 Pomp van 'n "tubeless" band

9 Sonder rem- of koppelaar vloeistof ?

10 Alternatiewe Kookmetodes

12 Maak 'n "winch" met pale en tou

14 Die veelsydige swart plastiek vullissak

16 Jou voertuig sit vas en die battery is pap

18 In die donker sonder lig

21 Die vele gebruike van Condy's kristalle

22 Die Veelsydige Verkyker

24 Soldeer en Sweis in nood

26 Vuurmaak op die oermanier

28 Lig 'n voertuig op sonder domkrag

30 Trek, hys of laat sak swaar items met 'n tou

33 Koue drankies in die veld

34 Klein Stofie met Aluminium Blikkies

36 Tou van toiletpapier

38 Maak vuur met 'n bierblik en sjokolade

39 Vuur sonder vuurhoutjies of aansteker

40 Vuurmaak met lense

42 Messlyp in die Veld

44 Maak vuur met 'n Tonteldoos

46 Koeël in die loop ?

48 Vele gebruike van Engelse sout

49 Koeksoda -vele nuttige gebruike

51 Visvang Sonder Hoek of Lyn

52 Die veelsydige "baked bean" blik

DIE NUTTIGE KONDOOM

Ja, 'n kondoom het nie net een doel nie. Inteendeel; dis een van die nuttigste items in jou oorlewingspak. Hier volg 'n paar alternatiewe gebruike:

* Plaas enigiets wat jy teen stof of water wil beskerm daarin en knoop toe, bv. selfoon.
* Plaas die kondoom in 'n sokkie of 'n hoed om as waterhouer te dien. Maak maar vol, hy kan maklik twee of meer liter hou.
* Die smeermiddel aan 'n kondoom help vir droë lippe of skaafplekke.
* Trek dit oor 'n geweerloop om reën, stof, modder, ensovoorts uit te hou.
* 'n Kondoom wat oor 'n vinger met 'n snywond getrek is, hou beide vleis en wond skoon tydens die afslagproses...
* As die nood groot is, soos in 'n klein vliegtuig, is dit 'n bruikbare urienehouer wat jy kan toeknoop en bêre om later weg te gooi.
* Dit is ook handig in 'n voertuig. Draai styf om lekkende of gebarste pype, of gebruik as elektriese isolasie as isoleerband nie beskikbaar is nie. Sy elastisiteit kan ingespan word as vibrasie-demper, vasmaakrek, of as 'n veer.
* Jy kan selfs vuurmaak met 'n kondoom. Gooi so 'n halwe koppie water in die kondoom en druk die water styf in 'n bol, totdat die wand dun en deurskynend raak. Gebruik die styfgetrekte wand nou as vergrootglas lens om vuur mee te begin.
* Ja, en dan sê hulle mos in die ou grens dae het die manne brandewyn of whisky in 'n kondoom toegeknoop en binne-in 'n waterbottel weggesteek. Net 'n prik met 'n skerp bajonet 'n skud of wat, en die drinkwater was sterker en die oorlog rooskleuriger.

Nou toe, daar het jy 'n paar goeie redes om aan vroulief te probeer verduidelik waarvoor die kondoom wat sy in jou sak ontdek het, daar is.

SO, WAT DINK JY MOET ONS HIERMEE DOEN?
WEL, ONS KAN VUUR DAARMEE MAAK, WATER DAARIN STOOR, OF SELFS DIE SMEERMIDDEL VIR SKAAFPLEKKE GEBRUIK!

Onthou die
oorlewingsreël van 3's...

OORLEWINGSREEL VAN 3'S :

3 minute sonder suurstof

3 minute bloei

3 ure sonder skuiling of 30 minute in uiterste klimaat toestande

3 dae sonder water

3 weke sonder kos

3 maande sonder menslike interaksie

Sonder om hierdie basiese behoeftes te bevredig is jy in die moeilikheid en kan dit lei tot jou dood ...

Gewapen met 'n wetenskaplike brein en 'n skerp sin vir humor, geniet Dr. Wallace Vosloo dit om praktiese en innoverende oplossings vir uitdagende probleme te vind. In die uitgawe takel hy scenario's wat in die veld kan verkeerd gaan, asook wenke vir die jagter en natuurliefhebber.